basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING

# GRAAD 4

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

# STEL 3: 2012 MODELVRAE

## 1. Algemene oorsig

Die Jaarlikse Nasionale Assessering (ANA) is 'n summatiewe assessering van die verwagte kennis en vaardighede wat leerders aan die einde van graad 1 tot 6 en graad 9 moes ontwikkel het. As hulpmiddel vir die skoolgebaseerde assessering en om te verseker dat leerders die nodige selfvertroue ontwikkel om suksesvol deel te neem aan eksterne assessering, het opvoedkundige panele en vakspesialiste voorbeeldvraestelle ontwikkel wat onderwysers vir Taal- en Wiskunde-onderrig kan gebruik. Die voorbeeldvraestelle is ontwikkel, gebaseer op die kurrikulum wat oor die eerste drie kwartale van die skooljaar strek. Daar is ook 'n volledige Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets (ANA) vir elke graad. Die voorbeeldvraestelle, insluitend die modeltoets, is aanvullend tot die skoolgebaseerde assessering wat leerders deurgaans moet voltooi en vervang nie die skoolgebaseerde assessering nie.

## 2. Die struktuur van die voorbeeldvraestelvrae

Die voorbeeldvraestelle is ontwerp om verskillende tegnieke of style te illustreer om dieselfde vaardighede en/of kennis te assesseer. Spesifieke inhoudkennis of 'n vaardigheid kan byvoorbeeld geassesseer word deur 'n meervoudigekeuse-vraag (waar leerders die beste antwoord uit die gegewe opsies kies) of 'n stelling (wat van die leerder vereis om 'n kort antwoord of 'n paragraaf te skryf) of ander soorte vrae (wat leerders vra om gegewe woorde/stellings met lyne te verbind, om gegewe sinne of patrone te voltooi, om hulle antwoorde met tekeninge of sketse te toon, ens.). Onderwysers en leerders sal dus 'n aantal voorbeeldvraestelvrae kry wat verskillend gestruktureer is, maar wat dieselfde spesifieke inhoud en vaardigheid teiken. Blootstelling aan 'n groot verskeidenheid vraagstellingstegnieke of -style gee leerders die nodige selfvertroue om op verskillende toetsitems te reageer.

## 3. Verband met ander leer- en onderrigbronmateriaal

Sommige teksgedeeltes en vrae word doelbewus vir integrering met die graadverwante werkboeke verbind. Die voorbeeldvraestelle voldoen ook aan die vereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV), graad R tot 12, die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV) vir die onderskeie grade en die Nasionale Protokol vir Assessering. Hierdie dokumente, saam met ander dokumente wat deur 'n skool voorsien kan word, sal 'n ryk bron van bronmateriaal vorm wat onderwysers in staat sal stel om lesse te beplan en om formele assessering uit te voer.

## 4. Hoe om die voorbeeldvraestelle te gebruik

Alhoewel die voorbeeldvraestelle vir die verskillende grade en vakke as 'n omvattende stel saamgestel is, hoef die leerders nie op die hele stel in een sessie te reageer nie. Die onderwyser moet toepaslike voorbeeldvrae kies wat deel vorm van die beplande les. Sorgvuldig geselekteerde individuele voorbeeldvrae of 'n hanteerbare groep vrae kan tydens die verskillende stadiums van die onderrig- en leerproses soos volg gebruik word:

4.1 Aan die begin van 'n les as 'n diagnostiese toets om leerders se sterk en swak punte vas te stel. Die **diagnose** moet lei tot onmiddellike **terugvoer** aan leerders en **geskikte lesse** moet ontwikkel word om aandag te gee aan die geïdentifiseerde swak punte en om die sterk punte uit te bou. Die diagnostiese toets kan as tuiswerk gegee word om nie onderrigtyd in die klaskamer te verloor nie.

4.2 Gedurende die les as kort, informatiewe toetse om te assesseer of leerders die veronderstelde kennis en vaardighede ontwikkel soos wat die les verloop en om seker te maak dat geen leerder agter raak nie.

4.3 By die voltooiing van 'n les of reeks lesse as 'n summatiewe toets om te assesseer of die leerders voldoende begrip het en of hulle die kennis en vaardighede in die voltooide les(se) kan toepas. Spoedige terugvoer aan leerders is noodsaaklik, sodat die onderwyser kan vasstel of daar dele van die les(se) is wat weer behandel moet word om spesifieke kennis en vaardighede vas te lê.

4.4 Om by alle fases leerders aan verskillende tegnieke van assessering of vraagstelling bloot te stel, bv. hoe om meervoudigekeuse-vrae (MK), oop vrae of vryeresponsvrae, kortvrae, ens. te beantwoord.

Waar diagnostiese en formatiewe toetse korter in terme van die aantal vrae kan wees, sal die summatiewe toets heelwat meer vrae insluit, afhangend van die hoeveelheid werk wat reeds teen 'n sekere tyd behandel is. Dit is

belangrik om seker te maak dat leerders uiteindelik genoeg oefening kry in die beantwoording van 'n volwaardige toets, soortgelyk aan dié van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets.

## 5. Memorandums of nasienriglyne

'n Tipiese voorbeeld van die verwagte response (nasienriglyne) word by elke voorbeeldtoets en Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets gegee. Onderwysers moet in gedagte hou dat die nasienriglyne geensins rigied is nie. Dit gee slegs breë riglyne ten opsigte van verwagte response en onderwysers moet aanvaarbare moontlikhede ondersoek en ander aanvaarbare response van die leerders aanvaar.

## 6. Kurrikulumdekking

Dit is van kardinale belang dat die kurrikulum in elke klas ten volle behandel moet word. Die voorbeeldvraestelle vir elke graad en vak verteenwoordig nie die kurrikulum in sy geheel nie. Dit is slegs 'n **voorbeeld** van belangrike kennis en vaardighede en dek die werk wat op die eerste drie kwartale van die skooljaar betrekking het. Die tempo waarteen die werk in sekere skoolkwartale behandel moet word, is vervat in die betrokke Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV).

## 7. Gevolgtrekking

Die doelwit van die Departement is om die vlak en kwaliteit van leerderprestasie in die kritiese grondslagvaardighede van gesyferdheid en geletterdheid te verbeter. Die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets is een instrument wat die Departement gebruik om vas te stel of leerderprestasie verbeter. Daar word van distrikte en skole verwag om onderwysers te ondersteun en om die nodige hulpmiddels daar te stel om die effektiwiteit van onderrig en leer in skole te verbeter. Deur van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoetse as deel van die onderwyshulpmiddels gebruik te maak, sal onderwysers leerders help om vertroud te raak met verskillende style en tegnieke van assessering. Indien die voorbeeldvraestelle behoorlik aangewend word, sal dit help dat leerders die toepaslike kennis opdoen en vaardighede ontwikkel om effektief te leer en om beter te vaar in toekomstige Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetse.

1. Lees die onderstaande leesstuk en beantwoord die vrae wat volg.

> Lank gelede het 'n koning geleef wat Koning Midas genoem was. Hy was 'n goeie en gawe koning, maar hy was net te lief vir goud.
>
> Eendag, terwyl hy rondgestap het, het hy 'n man wat geval het, raakgesien. Koning Midas het die man gehelp. Die ou man het oor towermagte beskik. "Jy kan een wens kry omdat jy so gaaf is," sê die ou man.
>
> Koning Midas sê: "Ek wens dat alles waaraan ek raak in goud sal verander."
>
> Die koning en die ou man het terug na die koning se paleis geloop. Terwyl hulle geloop het, het hy 'n klip geskop. Dit het in goud verander. Hy het aan die rivier geraak. Dit het in goud verander. Die goud het soos die son geskyn.
>
> Koning Midas was baie gelukkig, maar hy was moeg. Hy het vir kos gevra, maar dit het in goud verander. Daarna het sy klein dogtertjie na hom toe gekom om hom te groet. Sy het aan hom geraak. Sy het ook in goud verander.
>
> Koning Midas het begin huil. "Asseblief verander my wens. My wens was nie 'n goeie een nie. Ek was te gulsig!"
>
> Die ou man het jammer vir Koning Midas gevoel. Hy het die koning se wens verander. Alles het weer verander soos dit voorheen was. Koning Midas was gelukkiger as ooit tevore.

1.1 Omkring die letter voor die korrekte antwoord.

Wat is die beste titel vir hierdie storie?

A Die oning wat baie lief was vir Goud.

B Die goue koning en die wens.

C Die koning maak drie wense.

D Die hartseer koning spreek ‘n wens uit.

1.2 Vul die ontbrekende woord in die oop spasie in.

Alles waaraan die koning geraak het, het in ____________verander. (1)

1.3 Sê of die volgende sin WAAR of ONWAAR is.

Gee 'n rede vir jou antwoord.

Die koning het al sy kos geëet.

Maak 'n regmerkie in die blok met die regte antwoord.

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|

Gee 'n rede vir jou antwoord.

____________________________________________________ (2)

1.4 Dink jy dat die koning gelukkig was met al sy goud?

Maak 'n regmerkie in die blok met die regte antwoord.

| JA | NEE |
|---|---|

Gee 'n rede vir jou antwoord.

____________________________________________________ (2)

1.5 Vul die regte woord in die oop spasie in.

Koning Midas het die ou man gevra om sy wens te _______________. (1)

2. 2.1 Omkring die letter voor die regte woord wat die karakter van die ou man die beste te beskryf.

A Selfsugtig

B Liefdevol

C Hardwerkend

D Wreed (1)

2.2 Voltooi die onderstaande sin :

Die ou man het _______________ vir die koning gevoel. (1)

2.3 Sê of die volgende sin Waar of Onwaar is.

Die ou man was hartseer om die koning ongelukkig te sien.

Maak 'n regmerkie in die blok met die regte antwoord.

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|
| | |

Gee 'n rede vir jou antwoord.

______________________________________________________ (2)

2.4 Dink jy dat die ou man tevrede was om die koning so te sien huil?

Maak 'n regmerkie in die blok met die regte antwoord.

| JA | NEE |
|---|---|
| | |

Gee 'n rede vir jou antwoord.

______________________________________________________ (2)

2.5 Vul 'n geskikte woord in die oop spasies in.

Die ou man het die koning se wens verander omdat die koning jammer was omdat hy so ____________was. (1)

3.

Middagete

Sipho en Siya op die muur.

Sipho en Siya hoor hulle ma roep om etensuur.

Hande-wastyd vir middagete, is nou klaar,

Goeie genade, kyk net hoe hardloop die seuns na haar.

3.1 Omkring die letter voor die woord wat met *klaar* rym.

A hande

B was

C haar

D hoor (1)

3.2 Voltooi die onderstaande sin deur 'n regte rymwoord in te vul.

_____________ rym met etensuur. (1)

3.3 Sê of die volgende sin Waar of Onwaar is.

Maak 'n regmerkie in die blok met die regte antwoord.

Dink jy dat Sipho en Siya honger was?

| JA | NEE |
|---|---|

Gee 'n rede vir jou antwoord.

_______________________________________________ (2)

3.4 Sê of die volgende sin Waar of Onwaar is**.**

Maak 'n regmerkie in die blok met die regte antwoord.

Sipho en Siya het gewag om vir middagete geroep te word.

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|

Gee 'n rede vir jou antwoord.

_______________________________________________ (2)

3.5 Vul die korrekte woord in die oop spasies in.

Siya en Sipho moes eers hul ________was voor hulle kon eet. (1)

4. 4.1 Sê of die volgende sin Waar of Onwaar is.

Maak 'n regmerkie in die blok met die regte antwoord.

Sipho en Siya het in die huis gewag.

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|

Gee 'n rede vir jou antwoord.

_______________________________________________ (2)

4.2 Sê of die volgende sin Waar of Onwaar is.

Maak 'n regmerkie in die blok met die regte antwoord.

Sipho en Siya was broers.

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|
| | |

Gee 'n rede vir jou antwoord.

______________________________________________________ (2)

5.

Lees die onderstaande paragraaf en beantwoord die vrae.

Nadat die reën opgehou het, was die paaie modderig en vol poele water. Die kinders het in die modderpoele gespeel en was gelukkig om weer "cool" te wees.

Vul die ontbrekende woorde in die oop spasies om die onderstaande paragraaf te voltooi.

Die reën het die paaie ___________en nat gemaak. Die kinders het in die_____________ gespeel.

6. Nandi is besig om 'n belangrike maaltyd voor te berei. Sy het die onderstaande rooster uitgeskryf.

14:00 Berei groente voor.
14:30 Skakel die oond aan.
14:45 Maak 'n koek en plaas dit in die oond.
15:00 Berei vleis voor en plaas dit in die yskas.
15:15 Dek die tafel.
15:45 Haal die koek uit die oond en laat dit afkoel.
16:00 Plaas die vleis in die oond.
16:15 Rangskik blomme vir die tafel.
16:30 Haal die botter uit die yskas om sag te word.
16:45 Maak die koekversiersel vir die koek.
17:00 Versier die koek en plaas dit op 'n klein tafeltjie in die eetkamer.
17:15 Plaas die groente op die stoof om te kook.
17:30 Maak 'n slaai en los dit in die yskas.
17:45 Verwyder die groente vanaf die stoof en dreineer die water.
18:00 Maak die sop en los dit op die stoof.
18:10 Skakel die oond af.
18:15 Maak die sous vir die vleis.
18:30 Los al die warm kosse op die warm stoof.
18:45 Stort en verklee.

6.1 Omkring die letter met die korrekte antwoord.

Nandi het die vleis om 15:00 ... geplaas

A Op die tafel.

B In die yskas.

C Op die klein tafeltjie.

D In die oond. (1)

6.2 Voltooi die onderstaande sin.

Nandi het die botter uit die yskas gehaal sodat dit _____________ moet word. (1)

6.3 Sê of die volgende sin Waar of Onwaar is.

Maak 'n regmerkie in die blok met die regte antwoord.

Al die kos was teen 17:45 gaar.

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|
| | |

Gee 'n rede vir jou antwoord.

_______________________________________________________ (2)

6.4 Sê of die volgende sin Waar of Onwaar is.

Maak 'n regmerkie in die blok met die regte antwoord.

Nandi het die koek teen15:30 gemaak.

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|
| | |

Gee 'n rede vir jou antwoord.

_______________________________________________________ (2)

6.5 Voltooi die onderstaande sin.

Nandi het teen 18:00 die ______________________afgeskakel. (1)

7. 7.1 Omkring die letter voor met die korrekte antwoord.

Watter woord is 'n byvoeglike naamwoord in die onderstaande sin?

Nandi het nie van die warm kombuis gehou nie.

A Nandi

B warm

C kombuis

D gehou (1)

7.2 Voltooi die onderstaande sin deur die regte woord in te vul.

Nandi het al die warm kosse op die warm ________________ gelos. (1)

7.3 Onderstreep die byvoeglike naamwoord in die onderstaande sin.

Nandi moes vinnig werk om die warm kosse klaar te kook. (1)

7.4 Voeg 'n selfstandige naamwoord in die oop spasie in.

Nandi het die vleis in die ___________ gaar gemaak. (1)

8. 8.1 Skryf die volgende sin in die verlede tyd oor.

Nandi is besig om aandete in die kombuis te kook.

____________________________________________________________ (1)

8.2 Skryf die volgende sin in die toekomende tyd oor.

Nandi het 'n partytjie gehou.

____________________________________________________________ (1)

9. 9.1 Omkring die letter met die korrekte antwoord.

Watter woord in die onderstaande sin is 'n byvoeglike naamwoord?

Nandi het 'n toebroodjie met gerasperde kaas gemaak.

A toebroodjie

B gevul

C gerasperde

D kaas (1)

9.2 Vul 'n gepaste byvoeglike naamwoord in die oop spasies in.

Asanda se klere was _________ na die sokkerwedstryd. (1)

9.3 Onderstreep die byvoeglike naamwoord in die onderstaande sin.

Die modderige taxi het in die dorp aangekom. (1)

9.4 Voltooi die onderstaande sin deur 'n byvoeglike naamwoord in die oop spasie in te voeg.

Die ____________________ seun het die venster gebreek. (1)

10. 10.1 Omkring die letter voor die korrekte antwoord.

Watter woord in die onderstaande sin is 'n werkwoord?

Die bok het vanaf die rots tot in die pad gespring.

A bok

B gespring

C rots

D pad (1)

10.2 Voltooi die onderstaande sin deur 'n gepaste werkwoord in te vul.

Mfundo en Andile het probeer om hulle fietse te_____________. (1)

10.3 Onderstreep die werkwoord in die volgende sin.

Gugu kon die geluid van die voëls daarbuite hoor. (1)

10.4 Skryf 'n sin deur die woord, "fluit" as 'n werkwoord te gebruik.

_______________________________________________________ (1)

11. 11.1 Skryf 'n woord neer wat dieselfde betekenis as die onderstreepte woord het.

Die winkel maak laat in die aand <u>toe</u>.

Die winkel _________ laat in die aand. (1)

11.2 Omkring die letter met die korrekte antwoord.

Watter woord beteken dieselfde as ''gou''?

A stadig

B vandag

C vinnig

D nou (1)

11.3 Voltooi die onderstaande sin deur 'n woord met dieselfde betekenis as ''ontsteld'' in die oop spasie in te vul.

Sannie se ma het haar rapport aan die einde van die kwartaal gelees en sy was baie ___________________. (1)

12. Verbind die onderstaande twee sinne deur 'n gepaste voegwoord te gebruik.

Ons mag nie dorp toe gaan nie. Ons slaapkamer is skoon en aan die kant.

(1)

13. hbjnVoeg die nodige leestekens in die onderstaande sinne in.

Joe het sokker krieket en tennis by die skool gespeel.

Kom jy saam met my stad toe (2)

14. Lees die inligting in die onderstaande blok.

| Ons benodig 'n gebalanseerde dieet om gesond te bly. | |
|---|---|
| Ons liggaam benodig proteïene. Dit word in vleis,vis en eiers aangetref. | Ons liggaam benodig ook koolhidrate. Dit word in mielie meel, brood, pasta en styselkosse aangetref. |
| Vesel is 'n belangrike deel van ons dieet. Hawer, graankos en bone is 'n goeie bron van vesel . | Kinders benodig kalsium vir gesonde bene en tande. Melk en jogurt is goed vir jong kinders. |

Bestudeer die blok oor gesonde kosse. Skryf jou eie 4 sinne oor 'n korrekte dieet.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (4)